AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse sentrumtoesighouer*

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans deeltydse poste in Centurion vir sentrumtoesighouers.

## POSDOELSTELLING

Die sentrumtoesighouers sal Akademia se belange in Centurion behartig en hoofsaaklik toesighoudende en administratiewe funksies verrig tydens kontak- en assesseringsessies. Daar mag ook van die persone verwag word om assessering van video's wat tydens eksamensessies opgeneem is, te behartig.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- toesighouding tydens kontakassesseringsessies
- administratiewe funksies
- nagaan van aanlyn assesserings (video's)

## POSVEREISTES

- ŉ Nasionale Senior Sertifikaat (NKR-vlak 4)
- Afrikaans magtig wees
- toepaslike ondervinding in toesighouding

## VAARDIGHEDE

- vermoë om in ŉ dinamiese en wisselende omgewing te kan werk
- beskik oor etiese standaarde
- uitstekende koördinerings-, prioritiserings- en ondersteuningsvaardighede
- gemotiveerd en ŉ positiewe ingesteldheid
- goeie mense-, interpersoonlike en kommunikasievaardighede
- goeie administratiewe en tegnologiese vaardighede

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 4 Maart 2026 ingedien word. Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.